



# AFRIKA SE GRASBEDEKTE BERGE VERDIEN MEER AANDAG

Volgens projeksies van die Verenigde Nasies gaan Afrika suid van die Sahara teen 2100 'n bevolkingsontploffing beleef. Die grootste bevolkingsgroeie gaan in en om bergagtige gebiede voorkom. Juis daarom moet hierdie ekosisteme nou reeds volhoubaar bestuur word sodat toekomstige geslagte steeds voordeel daaruit kan put.

Dit is die mening van dr. João Vidal, 'n navorsingsgenoot by die departement plantwetenskappe en die afromontane navorsings-eenheid ARU aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

Al die belangrikste riviere in Afrika ontspring in bergagtige gebiede. Hy sê 'n groeiende bevolking gaan druk op waterbronne in grasbedekte berggebiede plaas.

“Die langtermynveerkragtigheid van Suid-Afrika se berge en die ekosistemdienste wat hulle lewer, behoort 'n absolute prioriteit vir navorsing en bewaring wees,” het hy luidens 'n verklaring van die UV gesê.

Volgens hom spog Suid-Afrika met van die grootste grasland-gedomineerde berggebiede ter wêreld – vergelykbaar met dié van Sentraal-Asië.

Hy stem saam met die onlangse opmerking van mnr. António Guterres, sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, dat konflik, klimaatsverandering en Covid-19 die grootste humanitêre kwessies sedert die Tweede Wêreldoorlog is. Dit veroorsaak hongersnood, hou miljoene kinders uit die skool en het vir die eerste keer in 22 jaar die vlakke van ekstreme armoede laat styg.

Volgens Vidal verhoog hierdie scenario ernstige druk op berggebiede en hul biota omdat mense toenemend alternatiewe bronne van voeding vir hul gesinne en vee soek.

Vidal se navorsing konsentreer daarop om aanduiders in die omgewing te identifiseer wat gebruik kan word om enige verandering



Dr. João Vidal FOTO: UV

in biodiversiteit te monitor. Die projek vind met die samewerking van die Suid-Afrikaanse omgewingswaarnemingsnetwerk (SAEON), Ezemvelo KZN Wildlife en die Universiteit van Pretoria plaas.

Saam met sy genote is Vidal besig om spesifieke hulpmiddels te ontwikkel om die impak van klimaatsverandering op grasbedekte berge te ondersoek. Dit sluit aan by bestaande navorsing wat meestal oor beboste berggebiede gedoen is.

“Soos dit warmer raak, kan die verspreiding van sommige groeperinge van gras na hoëliggende gebiede beperk word omdat hulle sekere minimum temperature benodig om te oorleef. Die probleem is dat klimaatsverandering tans teen 'n vinniger pas plaasvind as wat spesies kan skuif. Dit beteken dat daar heel moontlik habitatverliese gaan wees van sekere spesies wat gevoelig vir temperature is.

“Weens klimaatsverandering is bergagtige gebiede ook toenemend vatbaarder vir indrin-

gerspesies wat nie gewoonlik daar voorkom nie. Gewoonlik is die uiterste temperature wat in berge ervaar word, 'n hindernis vir probleemspesies uit laagliggende gebiede. Dit verander saam met warmer temperature, en dus verhoog die moontlikheid dat indringerspesies sal versprei.”

Hy reken dit kan daartoe lei dat talle soorte indringerboomsoorte, soos denne, wilgers, bloekoms en wattels, sal versprei en sodoende 'n impak kan hê op hoeveel water na damme en riviere kan vloei.

Vidal reken dit is tyd dat beleidmakers meer doen om die natuurlike grasbedekte berggebiede van die wêreld te beskerm, en dat dit beter bestudeer moet word. Hy sê Afrika is die enigste vasteland waarvan geen data oor sy berggebiede die afgelope 20 jaar in die internasionale paneel oor klimaatsverandering se hoofstuk oor berge ingesluit is nie.

— ENGELA DUVENAGE

